ng kerk weltevreden
lewe vir die stad

**Gemeentebrief Januarie 2021**
**Ds Hettie Wessels**

**Nuwe jaar**

Die nuwe jaar is hier, ons neem afskeid van ‘n jaar wat ons nooit sal vergeet nie. Daar was so baie eerstes en nuwe dinge wat opgeteken sal word in die anale. Ons het nuwe gewoontes aangeleer en ou gewoontes afgeleer. ‘n Stewige handdruk is besig om uit te sterf en die elmbooggroet vat pos. Wie sou in die begin kon raai dat ons Januarie 2021 steeds met die virus sou sukkel?

Vandag wil ek kom dankie sê vir elke lidmaat van NG Weltevreden. Die manier hoe julle nog die hele tyd positief gebly het, en elke dag mekaar moed ingepraat het. Toe die eredienste aanlyn gegaan het, het julle ingeskakel en saam gekyk, en is steeds met ons. Ons het gevorder en kon eredienste “live stream”. Julle was geduldig met ons en die tegnologie wat ons bitter vinnig onder die knie moes kry. Ons dominees het geworstel met die kamera en die leë banke. Julle het saam geluister na ons boere-Engels. Julle was ons terwille en baie sag met die onsekerheid en aanleer van die nuwe normaal. Ons aanlyn dienste het gegroei en ons virtuele-gemeente bestaan nou uit mense reg oor Suid-Afrika en letterlik die hele wêreld. As ons gevra het vir hulp het julle, julle harte en hande oopgemaak.

In hierdie baie, baie swaar tyd kon ons die toenemende swaarkry onder ons eie lidmate verlig deur kospakkies wat afgelaai is en ruim bydraes van gemeentelede. Ons kon die armstes van die armes voorsien van daaglikse brood. Daar waar nodig was kon ons help met allerhande nood en onvoorsiene uitgawes. Gemeentelede het ingespring en mekaar begin bel, om weekliks net seker te maak almal is versorg. Waar nodig het lidmate gehelp om kos te gaan koop of medisyne te gaan aflewer. Geen moeite is ontsien nie.

Ons nie-winsgewende organisasie, Novo Futurum, het in die informele nedersettings maandeliks gesorg dat huishoudings kos het. Veral dan in Dobsonville by ons Sotho dominee, Elias en sy gemeenskap, asook in Golang waar ons betrokke is en in Jan Hofmeyer. Ons kon steeds ‘n verskil maak by die kinderhuise en bejaardesorgsentrums waar die nood hoog is in hierdie tyd. Daar is selfs betaal vir kinders vir ekstra wiskunde-en wetenskapklasse aanlyn, daar is te veel om op te noem.

Daar was ook lekkertes, ‘n deurry koskuier, ons kon Kerssangdiens hou en vir ‘n oomblik vergeet van die seer, ons het saam regte egte Basaar gehou en mekaar oor maskers in die oë gekyk. Jak de Priester het ons bederf met sy talent. Ek het meer dankbaarheidstrane as seertrane afgevee die afgelope jaar. God se genade was genoeg in die ou jaar, dit sal ook so wees in die nuwe jaar.

Hoe kan mens ooit genoeg dankie sê! Ek moet bely, in die begin van hierdie pandemie was my moed min en my geloof dun. Ek staan stil dankbaar vir God se seën in hierdie tyd, vir mense se gehoorsaamheid en welwillendheid. Ek dink nie een van ons kon hierdie scenario voorsien nie, maar met ‘n gemeente soos NG Weltevreden en God se teenwoordigheid, genade en liefde sien ek uit na 2021!

Groete
Ds Hettie Wessels